THE FIDUCIARY INSTITUTE OF SOUTHERN AFRICA

FPSA FISA-RAADSEKSAMEN

Examination date/Eksamendatum:	18 NOVEMBER 2013
Time/Tyd:	9:00 – 11:15 (2 ure en 15 min.)
Total marks/Totale punte:	50
Eksamenvraestel:	**TRUSTADMINISTRASIE**

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 7 bladsye en 5 hoofvrae. Beantwoord al die vrae. Die eksaminators is bewus daarvan dat daar vir sekere vrae in hierdie eksamenvraestel nie noodwendig net een korrekte antwoord is nie. Daar word dus van jou verwag om al jou antwoorde volledig te motiveer, waar van toepassing.

Slegs antwoorde in jou eie handskrif in die amptelike antwoordboek sal oorweeg word.

VRAAG 1

1.1 'n Hof kan 'n trust beëindig ingevolge artikel 13 van die Wet op die Beheer oor Trustgoed (57 van 1988). Noem 4 ander belangrike maniere waarop 'n trust beëindig kan word. (4)

1.2 Bespreek of 'n buitelandse persoon as 'n trustee vir 'n Suid-Afrikaanse trust mag optree. Motiveer asseblief jou antwoord. (2)

1.3 Bespreek kortliks of die noodsaaklike elemente op die oomblik wanneer die trustadministrasie begin, verskil van die noodsaaklike elemente wanneer die trust geldig opgerig word. Motiveer asseblief jou antwoord. (4)

1.4 Noem die dokumente wat nodig is vir die registrasie van 'n nuwe trust. (3)

[13]

VRAAG 2: WAAR OF ONWAAR

Antwoord Waar of Onwaar. Motiveer elke antwoord.

2.1 John, ’n trustee van ’n diskresionêre trust, moes ’n dringende, nie-lewensbedreigende, operasie ondergaan gedurende die tydperk waarin die trustees ’n trusteevergadering moes hou. John het gevolglik aan sy swaer volmag gegee om hom te magtig om die trusteevergadering namens John by te woon. Die trustakte het spesifiek daarvoor voorsiening gemaak dat ’n trustee iemand mag benoem, en die volmag verleen aan John se swaer die mag om “soos wat hy goed ag” te stem by vergaderings van die trustees. Die oggend van die vergadering het John egter sy swaer vanuit die hospitaal gebel en hom opdrag gegee om “nee” te stem oor ’n spesifieke aangeleentheid wat op die agenda was. Sy swaer was dus gebonde om John se instruksies te volg en om tydens die vergadering van die trustees “nee” te stem oor die aangeleentheid. (1)

2.2 Nadat die trustakte behoorlik onderteken is, maar voor ’n magtigingsbrief wat die trusteeskap bevestig deur die Meester uitgereik is, is daar geen risiko vir die trustees indien hulle in hulle hoedanigheid as trustees optree nie. (1)

2.3 ’n Trustee stel die begunstigdes van die trust skriftelik in kennis van sy bedanking en versoek sy bode om die bedankingbrief per hand by die Meester van die Hooggeregshof af te lewer. Wanneer die bode by die Kantoor van die Meester aankom, is hulle op die punt om die deure te sluit, maar hy oorhandig nietemin die brief aan die sekuriteitswag wat die brief in ontvangs neem en dan die deur sluit. Word die trustee van al sy verantwoordelikhede as trustee onthef nadat die bedankingsbrief per hand by die Kantoor van die Meester afgelewer is? (1)

2.4 ’n Suid-Afrikaanse trust kan vryelik in Namibiese bates belê, op voorwaarde dat die nodige Suid-Afrikaanse valutabeheertoestemming en ’n belastingklaringsertifikaat verkry is. (1)

2.5 Verdelings wat deur diskresionêre trusts gemaak word, sal altyd vrygestel wees van skenkingsbelasting, ongeag of hierdie verdelings aan die begunstigdes van die trust of aan derde partye gemaak word. (1)

2.6 Die Minister van Finansies het in sy begrotingsrede vanjaar aangekondig dat sekere hervormings ten opsigte van die belasting van trusts gedoen sal word. Hierdie hervormings sluit die voorstel in dat die geleibuisbeginsel/deurvloeimeganisme nie meer van toepassing sal wees op die belasting van verdelings wat uit diskresionêre of spesiale trusts gemaak word nie. (1)

2.7 'n Kapitaalbegunstigde van 'n diskresionêre trust het die mag om enige ander persoon of persone in sy testament te benoem om hom as 'n begunstigde van die trust op te volg. (1)

2.8 Waar 'n trustakte bepaal dat die trustees deur middel van meerderheidstem besluite kan neem, is dit noodsaaklik dat die minderheid toegelaat moet word om deel te neem aan die verrigtinge wat tot daardie besluit lei. (1)

[8]

VRAAG 3

3.1 Wat is die posisie indien al die begunstigdes van 'n trust oorlede is en daar nie in die trustakte enige voorsiening gemaak is vir die aanwys van opvolgers vir die begunstigdes nie? **(2)**

3.2 Jou kliënt, mev. Stubble, het 'n lening van R6 000 000 (ses miljoen Rand) aan die Stubble Familietrust gemaak. Die trust het die lening gebruik om 'n wildsplaas by Blinkwater te koop. Die trust het nie enige ander bates nie en het dus nie die fondse om die lening aan haar terug te betaal nie. Mev. Stubble het 'n bepaling by haar testament ingesluit dat enige bedrag wat die Stubble Familietrust op die dag van haar dood aan haar skuld, aan die Stubble Familietrust bemaak word. Haar boekhouer het vroeg in 2012 aan haar genoem dat dit sekere kapitaalwinsbelastinggevolge kan hê.

Verduidelik die posisie ten opsigte van die vergewing van skuld ten opsigte van mev. Stubble se posisie en of dit aanleiding kan gee tot nadelige kapitaalwinsbelasting gevolge. Jy moet in jou antwoord verwys na enige onlangse veranderinge in wetgewing wat moontlik 'n invloed kan hê. **(4)**

3.3 Jou kliënt, Michelangelo, besit 'n reeks uiters waardevolle kunswerke. Hy nader jou om vir hom advies te gee oor of hy die kunswerke na die Michelangelo Familietrust moet oordra of nie. Verduidelik aan hom wat die voordele sal wees en verwys na enige potensiële boedelbelasting- en/of kapitaalwinsbelastingimplikasies. **(4)**

[10]

VRAAG 4

Naam van die trust: Die Greentea Trust, IT-nommer 2012/6000.

Die trustees is: John Swart, Jane Black en Jack White.

Die vergadering is gehou te Blue Laan 15, Kaapstad, om 14h00 op 16 Julie 2013, en die notule en besluite is kort na die vergadering opgestel vir ondertekening.

Die trustees het 'n vergadering belê om die verkoop van Jade Laan 13, Parkhurst, aan Michael Johnson, te bespreek. Die verkoopstransaksie het 'n bedrag van R3 000 000 (drie miljoen Rand) met insluiting van 'n kapitaalwins van R2 000 000 (twee miljoen Rand) gerealiseer. Die trustees het tydens die vergadering eenparig besluit en ooreengekom om R500 000 van die wins aan begunstigde A en R750 000 aan begunstigde B uit te keer. Die balans sou as trustkapitaal in die trust behou word. Daar is ook ooreengekom dat begunstigde A se verdeling in kontant aan hom betaal sal word en dat begunstigde B se verdeling op sy leningsrekening gekrediteer sal word.

Stel die notule van die vergadering en die besluit op soortgelyk aan die formaat wat in **Bylaag A (gebruik dit as voorbeeld van die formaat)** aan die einde van die vraestel gegee word. **[7]**

VRAAG 5

5.1 Ons howe het in sekere gevalle duidelikheid gegee waar die alter ego beginsel in verhouding tot trustbates toegepas kan word.
Bespreek of die beginsel van 'n alter ego ten opsigte van die volgende omstandighede toegepas kan word en verwys na toepaslike hofuitsprake om jou antwoord te staaf.

5.1.1 'n Trustakte bepaal dat die Oprigter (as 'n trustee) transaksies kan aangaan sonder om met die ander trustees oorleg te pleeg. Die akte verleen verder aan hom die mag om trustees te verwyder en aan te stel. **(2)**

5.1.2 Die Oprigter (wat ook 'n begunstigde van 'n diskresionêre trust is), is 'n party van 'n egskeiding en sy vrou beweer dat die trustbates in ag geneem moet word as deel van die aanwaseis. Die oprigter het geen bates in sy persoonlike naam nie en hy het al sy persoonlike besigheidsinkomste na die trust gekanaliseer om bates te verkry. 'n Groot persentasie van sy huishoudelike uitgawes is ook deur die trust betaal. Sal die vrou 'n redelike kans hê om met haar eis te slaag? **(2)**

5.1.3 Mnr. Blom, 'n diskresionêre begunstigde van 'n diskresionêre trust dra enige fondse wat hy ontvang na die trust oor, en duur bates word in die trust gekoop, wat hy gebruik en geniet asof dit sy eie is. Hy het geen bates op sy persoonlik naam nie, maar hy het hom nogtans sonder enige huiwering as borg en mede-hoofdebiteur verbind vir die aanspreeklikheid van die trust en sekere maatskappye wat deur die trust besit word. Sal die persoon (of persone) vir wie mnr. Blom borg gestaan het en/of ten opsigte van wie hy hom as mede-hoofdebiteur verbind het, 'n redelike kans hê om daarin te slaag om 'n hofbevel te kry om beslag te lê op die trustbates? **(2)**

5.1.4 'n Man het sy vrou na 'n huwelik van 25 jaar vir 'n egskeiding gedagvaar. 'n Diskresionêre familietrust is tydens hulle huwelik opgerig. Die vrou beweer dat die trustsbates deel moet vorm van die bates vir die doel van artikel 7(3) (herverdeling) van die Wet op Egskeiding. Wanneer die trust ontleed word, is dit duidelik dat afsonderlike finansiële rekords en finansiële jaarstate in stand gehou en opgestel is, en dat die vloei van die transaksies goed gedokumenteer was, veral waar fondse van die trust na die man oorgedra is en omgekeerd. Die finansiële state het duidelik voorsiening gemaak vir die leningsrekeninge en enige bewegings daarin, en dit is ook formeel gedokumenteer en deur toepaslike verduidelikings gerugsteun. Is dit waarskynlik dat die vrou, op grond van hierdie feite, met haar eis sal slaag? **(2)**

5.2 Om te bepaal of die beginsel van 'n alter ego moontlik van toepassing kan wees, moet daar oorweging geskenk word aan die bepalings van die trustakte sowel as aan die feite van die omstandighede van elke geval. Bespreek 4 magte waarvoor daar gewoonlik ingevolge trustaktes voorsiening gemaak word en wat beskou kan word as bepalings wat te veel beheer aan die betrokke trustee/oprigter verleen. **[4]**

[12]

[TOTAAL 50]

BYLAAG A

NOTULE VAN VERGADERING

DIE …… TRUST
IT ……/……

Vergadering gehou te …… op hierdie …… dag van …… 20…….

Bygewoon deur:

	Notule opgestel deur:

AGENDA	UITGEVOER DEUR
1.	
2.	
3.	
4.	
5.	

GETEKEN ……. TE ……. OP HIERDIE ……. DAG VAN Julie ……20.....

_____ _____

Trustee: Trustee:

_____

Trustee:

DIE …….. TRUST

VERWYSING-IT ……

BESLUIT VAN TRUSTEES

Geneem op die

Die Trustees het soos volg besluit

GETEKEN TE …….. OP HIERDIE …… DAG VAN …….. 20….

_____

Trustee:

_____

Trustee:

_____

Trustee: